Afrikaanse Klub Australië

NUUSBRIEF

www.afrikaans.org.au

Braai in Brisbane Stad – Sondag 23 Mei 2010

Captain Burke Park – reg onder Brisbane se bekende Story Bridge

Dit is weer tyd vir ons om bymekaar te kom en heerlik saam te kuier, te braai en ook die pragtige stad van Brisbane te geniet en waardeer.

Volgende Sondag kom ons bymekaar by Captain Burke Park (waar ons gewoonlik vir die River Fire bymekaar kom). Die park is reg teen die rivier onder die pragtige Story Bridge en van daar het mens wonderlike uitsigte oor die stad.

Vir die van ons wat bietjie groter kinders het kan hulle soos gewoonlik die stad en plekke soos Soutbank gaan verken terwyl die meer rustiges die Brisbane-stad atmosfeer geniet onder die koeltebome van die park. Daar is ook 'n speel park vir die jonger kinders.

Kom asb. vroeg sodat ons die plek kan uitpak!!!

Ek wil 'n beroep op almal doen om iemand nuut aan die klub saam te bring – kom ons maak dit 'n groot kuier.

Waar:	Captain Burke Park
Tyd:	vanaf 10:00, braai vanaf 12:00
Adres:	Holman Street, Kangaroo Point QLD 4169
Refidex:	bladsy 160, B9
Ons voorsien:	Braaiers en kole
Bring saam:	Vleis, bykos, stoele en opvou tafels

Vir verdere navra kontak my gerus (**benprinsloo@dodo.com.au**) Sien julle Sondag 23 Mei..

Winter Kamp - Vir die Geharde kampeerders 11 tot 14 Junie

1 x Cabin slaap 4 sluit linne in $650 vir die naweek.

Slegs "unpowered" kamp plekke is beskikbaar.

$12 per persoon per nag.

Krag opwekkers sal beskikbaar wees om lig te maak vir die braai area. As jy jou eie krag opwekker het bring dit saam, maat dit moet 10pm af geskakel word.

Die park het skoon toilet en stort geriewe wat belig is en warm water het.

Die park het baie streng reels, ligte uit en musiek af 10pm.

Daar kan nog steeds gekuier word, maar respekteer asseblief mede kampeerders.

Geen oop vure. Vuur mag slegs in dromme gemaak word, ons sal saam neem, as jy 'n drom het om in vuur te maak, neem dit asseblief saam.

Vuur, pap en sous sal voorsien word Saterdag aand.
Vuur sal voorsien word Vrydag en Sondag aand.

Ons vra dat almal asseblief sal help skoon maak Maandag voor ons vertrek

Bring gerus julle bote saam.

Gaan kyk na Lake Somerset Holiday park se website vir meer inligting.
http://www.lakesomerset.com.au/index.php

Wat om te doen in die omgewing:
http://www.lakesomerset.com.au/local-attractions.php
www.landcruisermountainpark.com.au/

e-mail **riaan_de_beer@yahoo.com** vir meer inligting en om te bespreek.

Neem asb kennis dat ons riaan se epos adres verkeerd gehad het in die vorige nuusbrief. Sy regte epos adres is riaan_de_beer@yahoo.com

---

Australia VS South Africa 24 July 2010

Die klub het ‘n groeps bespreking gemaak vir die wedstryd tussen die Walleby’s en die Springbokke. Hulle speel op Suncorp Staduim. Koste van kaartjies is soos volg

1. Volwassenes $ 89.00
2. Familie (Twee volw en twee kinders) $ 178.00.
   Juniors is 16 jaar en jonger.
3. Junior $44.00.
   Juniors is 16 jaar en jonger

Kinders 3 jaar en jonger is verniet mits hulle op jou skoot sit.

Kontak vir Arno per epos om die besprekings te maak. **Arno.nel@bigpond.com** Die kaartjies gaan vinnig en daar is net ‘n beperkte aantal kaartjies beskikbaar.

Groete tot volgende keer,

Ben Prinsloo
namens die AKA Bestuurspan
0434 177 389
benprinsloo@dodo.com.au
www.Afrikaans.org.au

www.afrikaans.org.au

Designed by: EYE Contact web solutions

Website Design and Hosting by EYE CONTACT Web Solutions. Powered by webEFEKTs.